
# DIE CHRISTEN EN KLERE-DRAG



Ds. P. J. de Bruyn

# DIE CHRISTEN
# EN KLEREDRAG

deur

DS. P. J. DE BRUYN

VIERDE DRUK

1975 PRO REGE, POTCHEFSTROOM

## WOORD VOORAF

*IN die jongste tyd is daar baie gedagtes gewissel oor kleredrag. In verskillende blaaie het skrywers uiteenlopende standpunte teenoor mekaar gestel.*

*Navraag by boekwinkels wat Christelike en teologiese boeke voorsien, het aan die lig gebring dat daar — veral in Afrikaans — baie min lektuur bestaan wat hierdie onderwerp op 'n objektiewe wyse prinsipieel en prakties vanuit 'n Christelike standpunt behandel.*

*In hierdie boekie word nou gepoog om in die behoefte te voorsien. Dit word egter gedoen met enkele voorbehoude waarvan die volgende die vernaamste is:*

- *Hier word slegs enkele aspekte kortliks bespreek.*
- *Hier word geen poging aangewend om die laaste woord oor die onderhawige saak te spreek nie, maar slegs om sekere gedagtes onder woorde te bring, met die hoop dat dit ander mag stimuleer om verder te besin.*
- *Hier word besin vanuit 'n bepaalde standpunt, naamlik die Christelike- en spesifiek Gereformeerde standpunt, wat noodwendig 'n konfrontasie met ander standpunte meebring.*
- *Mag dit diensbaar wees in die uitbouing van die koninkryk van God.*

P. J. de Bruyn.

Vereeniging, Desember 1969.

## BY DIE VIERDE DRUK

*By die vierde druk is hierdie boekie hersien en heelwat uitgebrei in die lig van nuwere omstandighede en in die lig van lektuur wat sedert die eerste druk onder my aandag gekom het. Aan die beginsels uit Gods Woord wat in die eerste uitgawes vervat is, is egter niks verander nie.*

P.J. de Bruyn

Pretoria, Oktober 1974.

# INHOUDSOPGAWE


**WOORD VOORAF** ..... 3

**HOOFSTUK 1:** ..... 6
DIE HUIDIGE SITUASIE: DIE REWOLUSIE VAN DIE MODE ..... 6
1.1 Rewolusie ..... 6
1.2. Seksuele rewolusie ..... 6
1.3. Mode-rewolusie ..... 7
1.4. Ontbindingsproses ..... 7
1.5. Naaktheid — teken van ons tyd ..... 7
1.6. Ekshibisionisme ..... 8
1.7. Naaklopery ..... 9

**HOOFSTUK 2** ..... 10
DIE DOEL EN FUNKSIE VAN KLERE ..... 10

**HOOFSTUK 3** ..... 11
NA DIE BYBEL ..... 11

**HOOFSTUK 4** ..... 12
KLERE AS BEDEKKING ..... 12

**HOOFSTUK 5** ..... 15
DIE VORM VAN KLEREDRAG ..... 15

**HOOFSTUK 6** ..... 16

**KLERE AS TEKEN VAN SONDE EN GENADE** ..... 16

**HOOFSTUK 7** ..... 18
KLEREDRAG EN SKAAMTE ..... 18
7.1. Wat is skaamte? ..... 18
7.2. Die oorsprong van skaamte ..... 18
7.3. Die betekenis van skaamte ..... 18
7.4. Naaktheid en skaamte ..... 19
7.5. Die bevordering van die regte skaamte ..... 20

**HOOFSTUK 8** ..... 22
KLERE AS OPENBARING VAN GESINDHEID EN KARAKTER ..... 22

**HOOFSTUK 9** ..... 23
DIE LIGGAAM — 'N TEMPEL VAN GOD ..... 23

**HOOFSTUK 10** ..... 24

**HOEVEEL MOET BEDEK WEES?** ..... 24

**HOOFSTUK 11** ..... 26
VERSKYNING IN DIE PUBLIEK (ONSEDELIKE AANRANDINGS) ..... 26

**HOOFSTUK 12** ..... 29
GEVAAR TYDENS HOFMAKERY ..... 29

**HOOFSTUK. 13** ..... 31
SWEMKLERE ..... 31

**HOOFSTUK 14** ..... 32
ONTKLEEDANSE ..... 32

**HOOFSTUK 15** ..... 33
UNISEX ..... 33

**HOOFSTUK 16** ..... **35**
DIE INNERLIKE VERSIERING VAN DIE VROU ..... 35
**HOOFSTUK 17** ..... **37**
KONKLUSIES ..... 37
**GERAADPLEEGDE WERKE** ..... **39**

# HOOFSTUK 1:

## *DIE HUIDIGE SITUASIE: DIE REWOLUSIE VAN DIE MODE*

DIE gees van die tyd en die lewensbeskouing wat mense huldig word gewoonlik duidelik in hulle kleredrag geopenbaar. Anatole France het by 'n geleentheid gesê: As dit my toegelaat sou word om honderd jaar na my dood net een boek uit te kies uit al die boeke wat dan gepubliseer sal word, sal ek 'n modetydskrif kies om te sien wat se klere die vrouens dan aantrek. Hulle tooisels sal my meer van die gemeenskap van daardie tyd kan sê as al die filosowe en predikers.[1]

Die waarheid van hierdie uitspraak word ook in ons tyd duidelik geopenbaar.

Op die terrein van die kleredrag en die modes het ons vandag te doen met 'n rewolusie, 'n totale omwenteling. Hierdie mode-rewolusie is egter niks anders nie as een van die openbaringsvorme van die huidige seksuele rewolusie.[2]

Om die rewolusie van die mode te kan verstaan, is dit noodsaaklik dat ons enigsins 'n beeld van die seksuele rewolusie moet kry.

### 1.1 Rewolusie

Die woord *rewolusie* dui in die gewone spreektaal 'n radikale omkeer aan.

'n Rewolusie kan gedefinieer word as 'n veranderingsproses wat aanvanklik geleidelik groei, maar op 'n gegewe moment 'n breuk met die verlede tot stand bring en *'n situasie laat ontstaan wat wesenlik nuut is.*[3]

So 'n rewolusie vind gewoonlik eers plaas in die gedagtes of lewensbeskouings van mense. Daarna neem dit 'n konkrete vorm aan in die praktyk van die daaglikse lewe.

### 1.2. Seksuele rewolusie

In die lig hiervan moet ons nou ook die seksuele rewolusie sien.

Waar daar ongeveer 40 of 50 jaar gelede onder die Victoriaanse lewenshouding omtrent nooit oor seks in die openbaar gepraat of geskryf is nie, het openbare gesprekke daaroor in ons tyd alledaags geword, en in ons koerante en veral tydskrifte het seks een van die onderwerpe geword waaroor daar die meeste artikels en foto-artikels verskyn, heel dikwels selfs met 'n pornografiese strekking.

David R. Mace stel dit so: "The Sexual Revolution represents a radical change in our *thinking* about sex. The change has proceeded from a negative attitude to a positive attitude; from a suppression of serious discussion to the encouragement of study and investigation; from a strict an rigid control of sexual expression to a tolerant and permissive attitude toward it".[4]

Die grondstelling of basiese uitgangspunt van die seksuele rewolusie is dat elke mens die geleentheid moet hê om te kan lewe in ooreenstemming met sy eie aanleg en

---

[1] Aangehaal deur Alpha Latzke en Helen P. Hostetter: *The wide world of clothing,* The Ronald Press Company, New York, 1968, bl. 28. Vgl. ook: Mary Kefgen en Phyllis Touchie-Specht: *Individuality in cloting, selection and personal appearance,* The Macmillan Company, New York, 1971, bl. 59.

[2] Die seksuele rewolusie kan op sy beurt weer beskou word as 'n onderdeel of eksponent van die kulturele rewolusie wat op die hele terrein van die kulturele lewe geopenbaar word. Vgl. Elaine Botha: *Kleding en ontkleding: mode-simptome van 'n revolusionêre kultuur,* in: Reformasie en revolusie, uitgawe van die I.B.C., PU vir CHO, Potchefstroom 1974, bl. 237 e.v.

[3] J. Rinzema: *De sexuele revolutie, uitdaging en antwoord,* J. H. Kok, Kampen, 1972, bl. 25.

[4] David R. Mace: *The Christian response to the seocual revolution,* Abingdom Press, Nashville, New York, 1970, bl. 68.

moontlikhede.[5]

Die mens van ons tyd, so word beweer, is mondig en daarom in staat om self te oordeel wat hy wil en nie wil doen nie, wat vir hom goed of sleg is.

### 1.3. Mode-rewolusie

Teen hierdie agtergrond moet ons nou die rewolusie op die terrein van die mode en die kleredrag sien. En dan is dit voor die hand liggend dat die seksuele rewolusie 'n buitengewoon groot invloed op die kleredrag sal hê.[6] Die oorbeklemtoning van die mondigheid en vryheid van die mens en die nadruk op die reg om oor sy eie lot te beslis en sy eie baas te wees, is gewoonlik 'n weelde wat vir ons bene te sterk is. Dit kan ook op die terrein van die modes en die kleredrag gesien word, want dit het nie net 'n verandering in die modes tot gevolg gehad nie, maar daaraan 'n rewolusionêre, radikaal-uitdagende karakter gegee.[7]

Die verskillende grade van naaktheid in films en op die verhoog, die permissiwiteit in boeke, modes en advertensies, is dan ook geen toevalligheid nie; daarin word 'n doelbewuste aksie — of reaksie! — geopenbaar: gedeeltelik is dit 'n "reaksie teen die Victoriaanse preutse moraal, gedeeltelik 'n teken van groeiende, toenemende wetteloosheid waar alle konvensies en norme oorboord gegooi word".[8]

### 1.4. Ontbindingsproses

Ook in die rewolusie op die gebied van die modes en kleredrag kan gesien word dat daar in o:is tyd 'n *ontbindingsproses* aan die gang is: die Christelike beginsels soos dit gestalte gekry het in die Westerse kultuur word vandag in toenemende mate verwerp. Dit is hierdie Christelike beginsels wat in die verlede die uitbreek van die sedelike verwildering en die verbrokkeling en desintegrasie van die Westerse kultuur sterk teëgehou het. Tans is dit egter besig om te verdwyn en in die plek daarvan kom sedelike en kulturele losbandigheid wat hom onder andere ook openbaar in die huidige naaktheidskultus met sy verregaande gewaagdheid in kleding waarin die liggaam meesal minimaal en/of uiters prikkelend bedek is. Vanselfsprekend moes dit tot gevolg hê dat daar van 'n skaamtegevoel omtrent niks oorgebly het nie; inteendeel, hierdie ontbindingsproses het uitgemond in 'n gewettigde of gesanksioneerde skaamteloosheid waarin die mens tot die peil van die dier gedaal het.[9]

### 1.5. Naaktheid — teken van ons tyd

Dat naaktheid dan ook 'n duidelike kenmerk van die tweede helfte van die twintigste eeu geword het, is in die lig van die voorgaande nie vreemd nie.

Op geen ander gebied van die seksualiteit het daar ingrypender veranderings plaasgevind as op dié van die verdraagsaamheid van die naakte liggaam nie. Foto's in tydskrifte en films van feitlik naakte of heeltemal naakte vrouens (en in die laaste tyd ook mans) wat in die laaste helfte van die vyftiger jare onder geen omstandighede aan die publiek aangebied en vertoon sou word nie, word tans wel in die openbaar aangebied en vertoon.[10]

---

[5] J. Rinzema: a.w., bl. 13.

[6] Natuurlik het ons hier met 'n wisselwerking te doen: dit is nie net die seksuele rewolusie wat die kleding beïnvloed nie; sedelose klere kan weer die seksuele rewolusie bevorder. Vgl. J. M. Raath: *Kleredrag, mode en modeverslawing,* in: Soeklig op ons sedes, referate gelewer by kongres van die N.G. Kerk, 30 Jun.—2 Jul. 1970, uitgawe van die Kommissie vir Openbare Sedelikheid, Posbus 433, Pretoria, bl. 124: "Die sedelik 'losser' persoon/samelewing dra gewoonlik die meer 'gewaagde' klere en die sedelik gewaagde kleding verslap op sy beurt weer die sedes en norme en maak so die persoon en samelewing nog verder sedelik losser".

[7] Elaine Botha: a.w., bl. 238; J. M. Raath: a.w., bl. 126.

[8] Elaine Botha: a.w., bl. 245.

[9] Elaine Botha: a.w., bl. 249, 250.

[10] Ernest Borneman: *Sesam Encyclopedie van de seksualiteit,* in Nederlands verwerk deur dr. H.

Deur hierdie toename in naaktheid en ontbloting tot aan die grens van die gewaagde en ontoelaatbare is die algemene verdraagsaamheidsgrens stelselmatig verskuif, "sodat 'n dermate geliberaliseerde en gekondisioneerde publieke opinie gevorm is, dat protes teen hierdie verskynsels — veral in die kleding — soos anachronismes klink!"[11]

Tog is hierdie toename in naaktheid en ontbloting geen doel op homself nie. Die voorstanders daarvan is van oordeel dat hierdie eeu van wetenskap en tegniek, met al die eise wat dit stel en die bedreigings wat dit inhou, die mens van sy menswaardigheid ontneem het. En hierdie menswaardigheid kan hy alleen terugkry as hy teruggewerp word op die mees basiese biologiese drifte soos die seksuele.

In 'n verslag uit Amerika word verklaar dat vuil taal, obseniteit en smerigheid nie bloot 'n nabootsing van straatpraatjies is nie, maar doelbewus deur romanskrywers gebruik word as 'n teenbeweging teen wat hulle beskou as die verontmensliking van die mens in die situasie waarin hy beland het as gevolg van die tegnologiese en industriële ontwikkelings.[12] In die verslag word verder verklaar: Obseniteit, naaktheid en erotiek het die vernaamste wapens geword om die mens daaraan te herinner dat hy, te midde van sy elektriese apparate, moderne wapens, kredietkaarte, ens., maar net mens bly.[13]

Die toenemende naaktheid en ontbloting moet, volgens genoemde verslag, dien as 'n proses van kondisionering totdat die mens tot dié punt gebring is waar naaktheid en openbare seksuele bedrywighede nie meer deur hom as skokkend ervaar word nie, maar ten volle aanvaar word as deel van die normale lewe.[14]

## 1.6. Ekshibisionisme

Die vraag kan gestel word of ons in die hedendaagse naaktheidskultus nie te doen het met een of ander vorm van ekshibisionisme nie.

Onder ekshibisionisme word verstaan die sieklike drang om deur die ontbloting en vertoning van die geslagsorgane in die teenwoordigheid van ander, veral die teenoorgestelde geslag, hulle te skok en op die wyse 'n erotiese genot te verkry wat lei tot seksuele selfbevrediging.[15]

In ekshibisionisme het ons dus te doen met 'n psigiese afwyking of geestelike versteuring.

Nou kan daar seker beweer word dat diegene wat meedoen aan die huidige toenemende ontbloting van die liggaam ekshibisionistiese karaktertrekke vertoon. Dink byvoorbeeld aan die poging om ander deur hulle optrede te skok. Tog is dit te betwyfel of ons hier met suiwere ekshibisionisme te doen het. Trouens, in die gees van die huidige kulturele en seksuele rewolusie soos dit in kleredrag geopenbaar word, word naaktheid en openbare seksuele bedrywighede juis beskou as deel van die *normale* lewe,[16] terwyl die kleredrag van die vorige dekades en geslagte as *abnormaal* beskou word.[17] Dit is dan ook die kern van die seksuele rewolusie soos hy hom manifesteer in die kleredrag: wat altyd normaal was, is nou abnormaal en andersom.

---

Musaph, Bosch en Keuning, Baarn, 1970, bl. 98.

[11] Elaine Botha: a.w., bl. 244.

[12] Anything goes: taboos in twilight, in: *Newsweek,* 13 Nov. 1967, bl. 42.

[13] Ibid., bl. 42.

[14] Ibid., bl. 42.

[15] P. H. Esser: *Exhibitionisme* in: Christelijke Encyclopedie 2, J. H. Kok, Kampen, 1957, bl. 691.

[16] Vgl. Anything goes: Newsweek, 13 Nov. 1967, bl. 42: "Nudity and sexuality must be faced and accepted by society as part of general confrontation of life... You have to get to the point where people aren't shocked any more".

[17] Ibid., bl. 42: "We are not old men. We are not worried about petty morals. What the *new* generation wants is not simply bigger breasts and sexier scenes on wider screens. They want to strip away all the sham and all the cant of their elders and to strive instead for truth and honesty".

## 1.7. Naaklopery

Hierdie rewolusionêre lewenshouding met sy naaktheids-kultus het hom aan die begin van 1974 ook geopenbaar in die sogenaamde naaklopery. En nou is die uitsprake van diegene wat daaroor voor die hof gedaag is, nogal insiggewend.

Volgens 'n dagblad het 'n agtienjarige meisie haar emosies tydens haar naaklopery in die publiek so beskryf: "Jy beleef 'n sensasie van 'vryheid' en opwinding wat die gewone mense nie ondervind nie. Die gelag en geskreeu van die mense laat jou voel dat jy 'n held is".[18]

Die vryheidsgevoel waaraan sy uiting gegee het, was niks anders nie as roekelose bandeloosheid. En die "heldhaftigheid" wat sy in aansluiting by die vryheidsgevoel wou openbaar, was in werklikheid 'n doelbewuste omverwerping van gesag omdat so 'n naakte verskyning in die publiek uitdruklik deur die wet verbied word. En dit is juis wat hierdie mense beoog: die verbreking van die huidige gesagstrukture met hulle bepalings dat 'n mens alleen welvoeglik in die openbaar kan verskyn as jy behoorlik gekleed is.

---

[18] Die Vaderland, 1 Mei 1974, bl. 1.

# HOOFSTUK 2

## *DIE DOEL EN FUNKSIE VAN KLERE*

WAT is die doel en funksie van klere in die lewe van die mens?

Gewoonlik word die volgende funksies daaraan toegeken:

- dit is 'n *bedekking* van die liggaam met die oog opkuisheid;
- dit bied *beskerming* aan die liggaam;
- dit dien tot *versiering* van die liggaam.[19]

As daar egter gevra word watter een van hierdie drie die primêre rol vervul, is daar verskil van mening. Gewoonlik word daarna verwys dat daar verskillende volke was en is wat geen of feitlik geen klere gedra het nie. Dink ook aan die Bantoevrouens wat in hulle tuislande daagliks met ontblote bolywe rondloop sonder dat enigiemand van hulle volksgenote skynbaar daardeur gehinder of geprikkel word.[20] Hier het *klere* dus nie die funksie van *beskerming* van die liggaam nie en ook nie die van *bedekking* van die liggaam met die oog op kuisheid nie. Indien dit dus wel gedra word, sal dit bloot wees met die oog op versiering.

Daarteenoor word ons egter gewaarsku dat, al is daar sekere volke en volksgroepe wat in bepaalde omstandighede 'n mate (of absolute) naaktheid skynbaar sonder noemenswaardige skadelike sedelike gevolge aanvaar, daarvan nie afgelei mag word dat kleredrag nooit met sedelikheid iets te maak het nie. "Inteendeel, kleredrag kan vir bepaalde mense in bepaalde omstandighede allerlei gevoelens wakker maak".[21]

---

[19] J. M. Raath: a.w., bl. 125-128. Vgl. ook Maretha Fourie: *Jy en klere* in: Die Vrou I, Albertyn, Kaapstad, Bellville, Stellenbosch, s.j. (± 1970), bl. 146-148.

[20] Maretha Fourie: a.w., bl. 148: "Die ontbloting van die bors vir die Basoetovrou hou geen sedeloosheid in nie".

[21] Ibid., bl. 157.

# HOOFSTUK 3

## *NA DIE BYBEL*

TERWYL ons nou weet watter tendense daar vandag veral in die Westerse wêreld ten opsigte van kleredrag geopenbaar word en wat normaalweg as die doel en funksie van klere beskou word, moet ons gaan vra na die lig en leiding van God se Woord in die verband.

Dit moet egter baie duidelik gestel word dat ons nêrens in die Bybel 'n uitspraak kry waarin gesê word hoe lank of hoe kort 'n vrou se rok moet wees nie. Maar die Bybel sê ook nie hoeveel keer ons op 'n dag moet eet of hoe laat ons moet gaan slaap en hoe vroeg ons moet opstaan nie. En in sy alwyse raad het God goed gehandel deur nie sulke direkte uitsprake in sy Woord te laat opteken nie. Dit sou trouens maklik daartoe kon lei dat ons die Bybel kon beskou as 'n boek uit vergange se dae met voorskrifte vir daardie tyd, maar wat nie meer geldig is in ons tyd nie. Hoe sou 'n direkte voorskrif oor die tye wat 'n mens moet gaan slaap en opstaan, kon inpas in die moderne industriële wêreld met sy skofwerkery?

Daarby kom nog dat, wat die kleredrag aanbetref, daar 'n *groot verskil* is tussen die *vorm* van die klere wat deur gelowiges in die Bybelse tyd gedra is en dié wat deur gelowiges in die eeue daarna gedra is en ook vandag gedra word.

Ons fout is dat ons dikwels van die Bybel 'n handboek met reëls vir alle omstandighede, situasies en vakwetenskappe wil maak, en dit is die Bybel beslis nie.

Wat bied die Bybel ons dan?

Die Bybel bied ons die *beginsels* waarvolgens ons ons hele lewe moet inrig, en hiérdie beginsels verander nooit.

So bied die Woord van God ons ook die onveranderlike beginsels vir ons kleredrag.

# HOOFSTUK 4

## *KLERE AS BEDEKKING*

ONS lees dat Adam en Eva, nadat hulle gesondig het, vyeblare aanmekaargewerk het en vir hulle *skorte* gemaak het (Gen. 3:7). Ons moet daarop let dat hulle nie vir hulle rokke gemaak het nie maar *skorte.* Dit was, soos blyk uit die oorspronklike taal, 'n kleed wat slegs van die lende of heupe af ondertoe gestrek het.[22]

In Gen. 3:21 word egter verklaar dat God self gekom en hierdie skamele kleredrag van hulle weggeneem het, *rokke* van vel gemaak het en self het Hy hulle dit ook aangetrek. In die plek van die skamele *skorte* van vyeblare gee God aan hulle *rokke* van vel.

Die *rokke* waarvan hier gespreek word, was volgens die oorspronklike taal 'n kleed wat van die hals tot by die knieë of selfs nog laer gestrek het.[23]

Watter afleiding moet ons nou hieruit maak dat God die *skorte* van *vyeblare* weggeneem het wat slegs 'n *deel* van die liggaam bedek het en aan hulle in die plek daarvan *rokke* van *vel* gegee het wat die *hele* liggaam bedek?

Die logiese afleiding is tog dat God wil dat die mens goed en behoorlik geklee moet wees.[24]

Dit is die beginsel wat God hier vir ons neerlê, en hierdie beginsel is nie van verbygaande aard nie. Vir die kind van God bly dit onveranderd so lank as wat hierdie wêreld bestaan. Modes kan met die kom en gaan van die jare en eeue verander, maar die beginsel dat die mens, en in besonder die kind van God, goed en behoorlik geklee moet wees, verander nimmer en nooit.

Ons kan dit ook anders stel en sê dat van die oomblik af dat die mens in sonde geval het en veral van die oomblik af dat God aan hulle rokke van vel gegee het, is die reg om in die openbaar naak te loop hulle ontneem. "Hy mag dit nie meer doen nie, omdat hy die reinheid van hart deur die sonde verloor het".[25]

Maar terwyl *God* wil hê dat die mens *behoorlik geklee* moet wees, is die *duiwel* daarop uit om die mens te *ontklee.* Daarom is dit veelseggend dat van die besetene van Gadara gesê word dat hy "vir 'n geruime tyd van duiwels besete was en *geen klere gedra het nie"* (Luk. 8:27). Maar toe Jesus die duiwels uit hom uitgedryf het, het die mense hom daar aangetref *"gekleed* en by sy verstand" (Luk. 8:35). Dit laat 'n mens ook verstaan waarom in Sef. 3:5 verklaar word: "Die kwaaddoener ken geen skaamte nie".

Dat ons nie verkeerd is om bogenoemde beginsel uit die optrede van God teenoor Adam en Eva af te lei nie, blyk uit verskillende uitsprake in die Skrif, byvoorbeeld uit die woorde van Paulus aan Timothéüs as hy spesifiek oor die klere van die vrou skryf: "So ook moet die vroue hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid ..." (1 Tim. 2:9).

As Paulus verder sê dat sy haar nie moet versier "met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie", beteken dit nie dat hy dergelike versierings heeltemal afwys nie.[26] In Ps. 45 word van die koning se bruid gesê dat sy haar juis met hierdie dinge vir haar bruidegom moet versier. Paulus stel die versiering met goud, pêrels, ens. teenoor die versiering met goeie werke. Die uiterlike versiering moet dan nie die opvallende en aandagtrekkende wees nie,

---

[22] G. Ch. Aalders: *Het boek Genesis,* K.V. der H.S., J. H. Kok, Kampen, 1960, bl. 133, 142. Vgl. ook H. C. J. Flemming: *Ons Christelike Kleredrag,* Sacum, Bloemfontein, 1954, bl. 11.

[23] Vgl. H. C. J. Flemming: a.w., bl. 13; G. Ch. Aalders: a.w., bl. 142; J. C. Sikkel: *Het boek der geboorten,* H A. van Bottenburg, Amsterdam, 1923, bl. 201.

[24] J. C. Sikkel: a.w., bl. 201.

[25] H. C. J. Flemming: a.w., bl. 14.

[26] C. Bouma: *De brieven van den apostel Paulus aan Timothéüs en Titus,* K.V. der H.S., J. H. Kok, Kampen, 1953, bl. 61, 62: "Versiersel behóórt bij een vrouw, ook in de godsdienstoefening".

maar die innerlike. Dit is ook wat Petrus bedoel as hy aan die vrouens sê: "Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie; maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees wat baie kosbaar is voor God" (1 Pet. 3:3, 4). Hierdie innerlike versiering moet nou na buite straal deur goeie werke wat opkom uit ware geloof en godsvrug, en dié goeie werke moet by die gelowige vrou meer kenmerkend wees as alle uiterlike optooisels.[27]

Positief stel Paulus dat die vrouens hulle moet versier "met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid".

Met hierdie bepaling van *behoorlike kleding* staan ons dus presies by die beginsel wat opgesluit lê in God se handelswyse ten opsigte van Adam en Eva: God het die skamele klere van hulle weggeneem en in die plek daarvan aan hulle *behoorlike klere* gegee.

Hierdie behoorlike kleding moet verder, volgens Paulus, gekenmerk word deur *beskeidenheid en ingetoënheid.*

Die woord wat in die oorspronklike taal gebruik word vir *beskeidenheid* hou ten nouste verband met die woord skaamte, dermate dat in sommige vertalings dit inderdaad vertaal is met skaamte.[28]

Dit kom dus daarop neer dat in die kleredrag van die vrou haar beskeidenheid, selfrespek en paslike skaamte en skugterheid geopenbaar moet word.

Die ander kenmerk wat die Christenvrou se kleredrag moet hê, is volgens Paulus *ingetoënheid* of, soos dit ook vertaal kan word, *selfbeheersing.*[29]

Dit sien dus op die teenoorgestelde daarvan dat die vrou haarself deur haar kleredrag adverteer en op die voorgrond dwing.

As ons die gegewens wat ons so uit die Woord van God verkry, moet saamvoeg tot die formulering van 'n beginsel, kan ons dit so stel:

Die Here eis in sy Woord van die gelowige, en in besonder van die gelowige vrou, dat sy haar liggaam moet bedek met behoorlike kleding wat gekenmerk word deur beskeidenheid en paslike skugterheid, en waardeur sy haar nie op die voorgrond dwing of adverteer nie.

Aan hierdie beginsel moet ons nou ons kleredrag toets.

Kan die kleredrag van ons tyd hierdie toets deurstaan? Kan van mini-drag, die halter-nek en die "riem" gesê word dat dit behoorlike kleding is wat gekenmerk word deur beskeidenheid en paslike skugterheid en waardeur die vrou of meisie wat dit dra haarself nie op die voorgrond dwing en adverteer nie?

Laat ons elkeen voor God met 'n rein gewete eerlik antwoord gee op hierdie vraag.

Maar ons moenie blind wees vir die harde werklikheid van die lewe nie. Die feit dat juis die *advertensiewese* die skamel geklede vroueliggaam met uitmuntende sukses gebruik, behoort vir die kind van God boekdele te spreek. Die liggaam wat behoorlik geklee moet wees met klere wat gekenmerk moet word deur beskeidenheid en waardeur die vrou haarself nie adverteer nie — dié liggaam word nou júís as advertensiemiddel gebruik en as lokaas ten toon gestel om die aandag te trek sodat die koopware of tydskrifte in groot hoeveelhede verkoop kan word.

Laat ons tog gewaarsku wees en onsself nie met skyn-vroom argumente fop nie. God laat Hom nie bespot nie.

Daar is net twee weë: die breë pad en die smal pad.

---

[27] J. H. Donner: *De eerste algemeene zendbrief van den apostel Petrus,* D. Donner, Leiden, s.j., bl. 116.

[28] C. Bouma: a.w., bl. 62.

[29] Ibid., bl. 62.

# HOOFSTUK 5

## *DIE VORM VAN KLEREDRAG*

IN die lig van genoemde beginsel dat die liggaam volgens die wil van God behoorlik bedek moet wees én in die lig van die feit dat die vorm van die drag van die man sowel as die vrou deur die eeue heen groot veranderings ondergaan het, kan seker met vrymoedigheid verklaar word dat as 'n vrou, behalwe vir die bedekking van die boonste deel van die liggaam, 'n behoorlike langbroek aan het, sy onteenseglik in die Christelike en Bybelse sin van die woord baie beter bedek is as wanneer sy in 'n minirok geklee is.[30] Dit moet egter duidelik gestel word dat dit dan 'n *behoorlike* langbroek moet wees en beslis nie die tipe wat so styf om die liggaam span dat dit meer ontbloot en beklemtoon as wat dit bedek nie.

Hierdie siening hoef nie noodwendig in stryd te wees met Deut. 22:5 nie, waar verklaar word: "'n Vrou mag geen mansklere dra nie, en 'n man mag geen vrouensklere aantrek nie; want almal wat dit doen, is vir die Here 'n gruwel". Volgens die Bybel met Verklarende Aantekeninge is "die strekking van hierdie gebod (sien ook vs. 9-11) dat die eie aard van al die dinge wat God by die skepping daarin gelê het, geëerbiedig moet word".

Waar die "eie aard" van man en vrou destyds eerbiedig kon word toe die klere van beide *rok-agtig* was, sal dit seker in ons tyd ook kan geskied as die klere van beide *broek-agtig* is en daar nogtans 'n duidelike onderskeid is tussen die klere van die man en dié van die vrou.

Vir die gevoel van die meeste Christen-Afrikaners is 'n ordentlike rok egter baie meer verfynd, paslik, vroulik en fatsoenlik as die kleding wat ook 'n langbroek insluit. Dit mag deur sommige minagtend beskou word as 'n blote tradisie sonder meer. Laat ons egter onthou dat, hoewel die tradisie nie absoluut bindend is nie, daar in die tradisie tog ook 'n groot mate van behoudende genade kan wees waarsonder dit soms baie moeilik kan wees om staande te bly in die stryd teen die verleiding deur die sonde.[31] Die aftakeling van die tradisie onder invloed van die liberalistiese gees is beslis baie min gevolg deur 'n produktiewe, opbouende progressie. Laat ons dit ook in gedagte hou in verband met ons kleredrag.

---

[30] Vgl. mev. J. M. Raath: a.w., bl. 132: "Hoewel dit vir my as konserwatiewe vrou nog baie swaar val om my enigsins met hierdie drag (broekpak) vir die vrou te versoen, moet ek erken dat daar geleenthede is, soos bv. met bergklim en met staptoere, waar die langbroek 'n doel dien en dat hy in elk geval ten minste verkieslik is bo die minirok".

[31] *Zondagsheiliging en Zondagsarbeid,* Uitgawe: Gereformeerd Sociaal en Economisch Verband, Rotterdam, 1967, bl. 43.

# HOOFSTUK 6

# KLERE AS TEKEN VAN SONDE EN GENADE

AS ons weer na Gen. 3:21 gaan, vind ons daarin 'n ander beginsel wat ons ook nie mag miskyk nie.

Toe die mens gesondig het, het sy sonde hom gedwing om te soek na 'n bedekking van die liggaam. Daarom kan ons sê dat die klere van die mens 'n duidelike bewys en aanduiding van sy *sonde* is. Sonder die sonde sou daar geen behoefte aan klere gewees het nie (Gen. 2:21).

Die klere van die mens spreek egter nie net van sonde nie.

God het na die sondeval en strafaankondiging nie gekom en hulle skamele vyeblaar-klere van hulle afgeruk om hulle oor te gee aan 'n skaamtegevoel wat hulle nog verder van mekaar sou laat wegvlug nie. Nee, in sy barmhartigheid en *genade* het Hy gekom en die swak bedekking deur vyeblare weggeneem en in die plek daarvan vir hulle klere van vel gemaak en dit self ook vir hulle aangetrek.

Die mens se kleding getuig dus van *sonde* teen God, maar ook van *genade* van God.

So gesien kry ons kleding 'n unieke betekenis. Hierdie unieke betekenis is daarin geleë dat ons klere 'n duidelike en onmiskenbare heenwysing na Christus en sy verlossingswerk is.

Christus en alles wat Hy gedoen en deurworstel het — waarvan getuig dit? Net soos ons klere: van ons verskriklike sonde teen God, maar ook van God se onuitspreeklike genade teenoor ons.

Nou kan ons ook verstaan waarom van die verlossingswerk van Christus in die Woord van God gespreek word as die wegneem van ons vuil sondekleed om aan ons in die plek daarvan te skenk die heilige klere van geregtigheid wat Hy vir ons verwerf het (vgl. Sag. 3; Openb. 3:5 en 7:24).

Wat beteken dit nou vir ons?

Dat Christus op heel besondere wyse gestalte moet kry in ons lewens en spesifiek in ons kleredrag.

Wie dus saam met Paulus kan sê: "Vir my is die lewe Christus" (Fil. 1:21), moet weet dat ook sy of haar klere daarvan moet getuig en dat hy of sy volgens die Woord van God geklee moet wees met behoorlike kleding, gekenmerk deur beskeidenheid en paslike skugterheid, en waardeur hy of sy nie op die voorgrond gedwing of geadverteer word nie.

Nou kan ons nog duideliker sien watter sonde daar opgesluit lê in skamele, suggestiewe en sinneprikkelende kleredrag.

Ons klere spreek van *sonde en genade* soos dit na die sondeval in die Paradys geopenbaar is, maar veral soos dit in Christus en sy bittere en smadelike lyde tot ons verlossing geopenbaar word.

Wat gebeur nou as 'n mens sondige, sinneprikkelende klere aantrek?

Waar die klere moes getuig van sonde en genade, getuig dit in so 'n geval van sonde plus sonde, van sonde kwadraat.

Deur my kleredrag toon ek dat ek God se genade in Christus verwerp.

Dit is die verskriklike implikasie van kleredrag wat nie voldoen aan die beginsels wat ons in die Woord van God vind nie. Ons moet onthou dat ons eenmaal by die wederkoms van Christus in die mees volmaakte sin die woord met behoorlike kleding voor God moet verskyn.

Nou lees ons in Openbaring dat die ware kinders van die Here dan geklee sal word met wit

klere (Openb. 3:5)

en "met rein en blink fyn linne" (Openb. 19:8). Van hierdie fyn linne word dan gesê dat dit die "regverdige dade van die heiliges" is (Openb. 19:8). Dit is die genade van God in Christus wat in die handel en wandel van die gelowige gestalte gekry het en derhalwe ook in hulle vir God welgevallige kleredrag tot openbaring gekom het.

Wie so geklee is, sal aansit aan die bruilofsmaal van die Lam om saam met Hom te deel in 'n ewige vreugde.

Maar wat van dié wat Christus en God se genade in Hom verwerp? Wat van hulle wat deur 'n minimum klere wat boonop suggestief is aanleiding gegee het tot 'n maksimum sonde — by hulleself of by iemand anders?

Op die oordeelsdag sal hulle naarstiglik na bekleding of bedekking soek, en dan nie net na 'n mini-bedekking nie maar na 'n volle bedekking, sodat hulle in hulle radeloosheid sal uitroep: Berge, val op ons, en heuwels, bedek ons "vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Luk. 23:30; Openb. 6:16, 17).

Hulle geroep na hierdie bedekking sal egter tevergeefs wees.

Daarteenoor word van die ware kinders van die Here, wat gelet het op sy gebod en sy wil, gesê:

"Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie..." (Openb. 3:5).

# HOOFSTUK 7

## *KLEREDRAG EN SKAAMTE*[32]

### 7.1. Wat is skaamte?

'n Bespreking van skaamte en aanverwante sake soos skaamtegevoel, skaamteloosheid, ens. vereis noodwendig dat eers nader aangedui moet word wat onder skaamte verstaan word. Dit kan kortweg soos volg aangedui word:

> Skaamte is 'n teer gevoel van selfbewustheid, verleentheid, onwaardigheid en vernedering wat by 'n mens opkom as iets van homself (haarself) — ongeag of dit geestelik of liggaamlik is — geopenbaar word wat hy (sy) graag wou verberg. Hierdie gevoel kom normaalweg by 'n mens op as jy iets gedoen het wat verkeerd en dwaas is, of as jy in 'n toestand verkeer wat tot spot en oneer strek.

### 7.2. Die oorsprong van skaamte

Uit die Woord van God is dit baie duidelik dat skaamte *in die sonde* sy oorsprong het.

In Gen. 2:25 word verklaar. "En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hulle nie geskaam nie".

Hierdie woorde, tesame met die latere vermelding dat Adam en Eva na die sondeval bewus geword het van hulle naaktheid en daarom vir hulle skorte van vyeblare gemaak het, toon duidelik aan watter verband daar tussen skaamte en sonde is.

### 7.3. Die betekenis van skaamte

Skaamte vertoon in 'n sekere sin dieselfde twee trekke wat ons by die kleding van die mens kry.

Enersyds is skaamte *'n teken van ons sonde.* As daar geen sonde was nie, sou skaamte ook nie sy verskyning gemaak het nie.

Andersyds is skaamte *'n teken van God se genade* in dié sin dat God dit gebruik as 'n middel om die voortgang en deurwerking van die sonde teen te werk. Skaamteloosheid word dan ook juis gevind by diegene wat God verag en sy gebooie verwerp. So word in Sef. 3:5 byvoorbeeld verklaar: "Die kwaaddoener ken geen skaamte nie".

In ons verhouding tot God vorm skaamte volgens die Skrif 'n baie belangrike deel van die ware berou oor en bekering van die sonde. Derhalwe word dit duidelik aangetref by die Godvresende soos Esra wat in sy gebed tot God verklaar: "My God, ek voel te beskaamd en verleë om my aangesig tot U, my God, op te hef, want ons ongeregtighede het oor ons hoof gegroei, en ons skuld is hemelhoog" (Esra 9:6). Andersyds word dit juis gemis by diegene wat God en sy gebooie verwerp en op wie gevolglik die oordeel van God rus, sodat die Here by monde van die profeet Jeremia aan die adres van die ongehoorsame verbondsvolk van God kon verklaar: "Hulle kom in skande omdat hulle gruwel bedryf het; tog skaam hulle hul nie in die minste nie, tog weet hulle nie om te bloos nie. Daarom sal hulle val onder die wat val; in die tyd dat Ek aan hulle besoeking doen, sal hulle struikel, sê die Here" (Jer. 6:15; vgl. ook Jer. 3:3 en 8:12; Eseg. 43:10, 11).

Wat geld van ons verhouding tot God in verband met skaamte, geld nou ook van die verhouding tussen mens en mens. Ook hier tref 'n mens skaamte aan by die ware kind van God as hy iets teenoor sy medemens gedoen het wat verkeerd is, of hy in 'n vernederende of bespotlike posisie voor ander verkeer. Daarteenoor sal die goddelose onder sulke omstandighede juis 'n duidelike skaamteloosheid openbaar.

---

[32] Vgl. hiervoor J. J. Engelbrecht: *Die jeug in die smeltkroes,* Sacum, Bloemfontein, s.j., bl. 26-28.

## 7.4. Naaktheid en skaamte[33]

Naaktheid of die ontbloting van die liggaam is een van die sake wat skaamte tussen mense veroorsaak. Dit blyk duidelik daaruit dat in Gen. 2:25 verklaar word dat Adam en Eva hulle voor die sondeval nie geskaam het nie alhoewel hulle naak was. Daaruit kan afgelei word dat naaktheid ná die sondeval wel 'n rede vir skaamte geword het.

Ook elders in die Skrif blyk dit dat naaktheid en die ontbloting van die liggaam 'n smaad en vernedering beteken wat by enige persoon wat deur die genade van God nog 'n mate van selfrespek het, 'n skaamtegevoel tot gevolg het.

As God byvoorbeeld by monde van die profeet Hosea die oordeel oor Israel aankondig, dan sê Hy dat Hy haar naak sal uittrek en "haar skaamte ontbloot voor die oë van haar minnaars" (Hosea 2 ; 2—9). God sal haar dus doelbewus ontbloot en haar naaktheid ten toon stel om haar te verneder en bespotlik te maak *sodat sy haar kan skaam* en na God kan verlang om haar uit die benarde posisie te red.

Die mededelings van Jes. 20 is in hierdie verband besonder insiggewend.[34] Die Here het Jesaja beveel: "Gaan gord die haar-mantel van jou heupe af los, en trek jou skoene van jou voete af". Daarna word van Jesaja verklaar: "Hy het toe so gedoen en naak en kaalvoet geloop".

Naaktheid beteken hier geensins dat Jesaja kaal was en niks aangehad het nie. Die haar-mantel wat hy moes uittrek, was die sogenaamde *bokleed* wat van kameel- of bokhare gemaak is. Behalwe die bokleed het die mense van die tyd 'n *onderkleed* gedra wat uit 'n fyner stof, gewoonlik linne, gemaak is. Hierdie onderkleed het die hele liggaam tot by die knieë bedek. Dikwels is die bokleed uitgetrek, veral as die man besig was om te werk. As hy egter sy bokleed uitgetrek het, is hy bestempel as "naak" hoewel sy liggaam tog nog behoorlik deur 'n onderkleed bedek is. Maar selfs hierdie vorm van naaktheid is as onwelvoeglik beskou, en 'n mens moes jou daaroor geskaam het as jy só in die publiek verskyn.

Jesaja ontvang nou van God die opdrag om sy "haar-mantel" (die bokleed) uit te trek en "naak" (net met sy onderkleed) in die publiek te verskyn. Met hierdie opdrag het God 'n besondere doel gehad. Hy wou op hierdie wyse iets illustreer aan diegene tot wie sy woord gerig word. Daarom gee God self die volgende verklaring van die vernederende en onwelvoeglike optrede van Jesaja: "Soos my kneg Jesaja naak en kaalvoet geloop het, drie jaar lank, as teken en sinnebeeld met betrekking tot Egipte en Kus, so sal die koning van Assirië die gevangenis van Egipte en die ballinge van Kus verdrywe, naak en kaalvoet en ontbloot aan die agterdele — *'n smaad vir Egipte".*

Naaktheid is dus by uitstek 'n sinnebeeld van vernedering en smaad in die oë van mense, sodat 'n mens jou daaroor moet skaam. En as dit nou so was in die tyd van Jesaja toe naaktheid tog nog 'n behoorlike bedekking met 'n onderkleed beteken het, hoeveel te meer moet dit nie die geval wees in ons tyd waar mense met die skamelste kleredrag in die openbaar verskyn nie !

Dat ontkleding en naaktheid 'n vernedering beteken, blyk veral ook baie duidelik uit die feit dat Christus met sy kruisiging ontklee is juis om Hom so te verneder en 'n voorwerp van spot in die oë van mense te maak.

Prof. F. J. J. Buytendijk verklaar in hierdie verband: Eers deur die kleding word die mens 'n mens. Wie sy kleding verloor, verloor alles: sy waardigheid, homself, sy uitkyk, sy menslikheid. Die skaamte wat ontkleding voor ander tot gevolg het — en dit geld sowel die primitiewe mens met sy skamele kleredrag as vir die moderne mens — is skaamte wat

[33] Vgl. J. J. Engelbrecht: a.w., bl. 28-31.

[34] Vgl. J. Ridderbos: *De profeet Jesaja*[4], K.V. der H.S., J. H. Kok, Kampen, 1952, bl. 147, 148.

opkom uit 'n gevoel van verlies aan menslike waardigheid.[35]

Uit die voorgaande kan duidelik gesien word watter nou verband daar tussen naaktheid en skaamte is. Dit is nou juis in hierdie verband dat skaamte ook gesien kan word as 'n middel in die hand van God om die sonde in sy voortgang teen te gaan. Waar die mens God en sy Woord verwerp, sal skaamte, ook by die ontbloting van die liggaam, verdwyn. Dan sal die sonde by so 'n persoon van kwaad na erger voortgaan en lei tot gruwelike vorme van sedeloosheid en onkuisheid.

Saam met J. C. Sikkel kan ons verklaar:

> Skaamte roep om bedekking, nie alleen voor die blik van die medemens nie, maar ook voor die aangesig van God (Gen. 3:10); en slegs waar alle skaamte van die sondaar voor God wegval en die gewete sterf, daar val ook die vleeslike skaamte voor die mens weg.[36]

In hierdie lig beskou, kan ons met vrymoedigheid sê dat die skamele kleredrag waarmee baie hulle vandag beklee, 'n duidelike openbaring is van 'n goddelose skaamteloosheid, 'n toegeskroeide gewete wat nie meer kan skaam nie, 'n verwerping van skaamte as 'n middel deur God gegee om die sonde in bedwang te hou, 'n uitnodiging om oor te gaan tot onkuise, sedelose en Godonterende dade.

### 7.5. Die bevordering van die regte skaamte

Daar is veral drie middele wat deur God gegee is om die regte, heilige skaamte op te wek en 'n onheilige skaamteloosheid te rem. Dit is:

- die Christelike opvoeding;
- kennis van die Woord van God;
- die publieke opinie.

Hierdie drie hang ten nouste met mekaar saam en kan hoogstens onderskei maar nooit geskei word nie.

*Kennis van die Woord en wil van God* moet by die ware gelowige aanleiding gee tot die regte en heilige skaamte. Treffend is in hierdie verband dat juis in Hosea 4 waar gemeld word dat Israel geen kennis van God meer het nie en te gronde gaan weens gebrek aan hierdie kennis, daar ook melding gemaak word van die verskriklikste ontug en hoerery onder Israel. Die verband tussen die twee sake is voor die hand liggend.

Deur die *opvoeding* moet die kinders juis die Woord en wil van God geleer word en derhalwe gelei word tot 'n vermyding van die sonde en tot 'n heilige skaamte voor God daaroor as dit begaan is. As hierdie opvoeding nagelaat word en kinders nie geleer word wat welvoeglike kleding is wat vir God welbehaaglik is nie, moet die Christelike skaamte en skugterheid ook nie by hulle verwag word nie. En as dit met hierdie kinders die geval is, hoe sal dit nie met húlle kinders gesteld wees nie !

Deur die Christelike opvoeding en die verkryging van kennis van God se Woord, sal daar ook 'n *publieke opinie* gevorm word wat baie remmend op 'n sondige skaamteloosheid moet inwerk. Vandag ervaar ons egter dat hierdie Christelik gekleurde publieke opinie afgetakel word deur onder andere advertensies van onderklere van die vrou in tydskrifte, films en winkelvensters en die tentoonstelling van die feitlik naakte liggaam van die vrou. Dit is haas onmoontlik vir enige seun en dogter, jongman en jongmeisie wat so gebreinspoel is ten gunste van 'n goddelose skaamteloosheid om nog 'n paslike skugterheid en heilige skaamte teenoor mekaar se liggame te hê.

---

[35] F.J.J. Buytendijk: *De vrouw — haar natuur, verschijning en bestaan,* Uitgeverij Het Spectrum, Utrecht/Antwerpen, 1962, W. 263.

[36] J. C. Sikkel: a.w., bl. 166.

Mag God deur sy Woord en Heilige Gees aan ons weer die regte en heilige skaamte gee wat pas by 'n sondaar wat uit genade om Christus ontwil tog 'n kind van God geword het. Daarvoor moet ons juis in 'n tyd soos die wat ons tans beleef, biddend worstel. Geen steen moet onaangeroer bly om dit sover as enigsins moontlik te bereik nie.

# HOOFSTUK 8

## *KLERE AS OPENBARING VAN GESINDHEID EN KARAKTER*

UIT die Skrif is dit duidelik dat in 'n mens se klere ook sy innerlike gevoel en gesindheid, en selfs *sy karakter* geopenbaar word. Daarom word daar behalwe van *rouklere* (2 Sam. 14:2; 1 Kon. 21:27, ens.) en *feesklere* (Matt. 22:11) ook gespreek van die *klere van 'n hoer* (Spr. 7:10; Gen. 38:15).

Die nou verband wat daar volgens die Woord van die Here tussen die mens en sy kleding is, blyk ook uit die volgende woorde van die Here aan sy volk: "Want soos die gord kleef aan die heupe van 'n man, so het Ek die hele huis van Israel en die hele huis van Juda aan My laat klewe, spreek die Here, om vir My te wees 'n volk en 'n roem en 'n lof en 'n sieraad; maar hulle het nie geluister nie" (Jer. 13:11).

Hieruit kan ons die volgende gevolgtrekking maak:

- Die mens dra klere wat by hom pas, en dan nie net pas in soverre dit die struktuur van die liggaam aangaan nie; maar so dat sy hele menswees daarin geopenbaar word: sy gevoel, inbors, karakter, lewensbeskouing, godsdiens, geloofslewe, ens.[37] Dr. C. Bouma is dus heeltemal reg as hy in sy verklaring van 1 Tim. 2:9 sê: Die kleed tipeer die vrou sedelik en geestelik. Die heidense en ongelowige vrou klee haar anders as die Christenvrou.[38]

Saam met dr. A. P. Treurnicht kan ons sê: "Bewuste ontbloting van die liggaam om daardeur aandag te trek en selfs op vulgêre wyse begeertes op te wek, is niks anders as 'n openbaring van 'n gees van ontug nie".[39]

---

[37] Vgl. H. C. J. Flemming: a.w., bl. 25: "Die hele persoonlikheid word op die kleredrag gelees en daarin geopenbaar... Die regsinnige meisie weet dat die man agter haar kleredrag haar gees, persoonlikheid en geaardheid wil sien". Maretha Fourie: a.w., bl. 157: "Kleding is 'n openbaring van die individu se innerlike". Mary Kefgen en Phyllis Touchie-Specht: a.w., bl. 5: "Since the person is located within the clothing, his clothing almost certainly influences another's first impression of him ... Douty concluded that clothing did have a strong influence on the impressions one person makes of another". Margil Vanderhoff: *Clothes — part of your world,* Ginn and Company, Boston, Massachusets, 1968, bl. 16-23: "To some extent clothing may express one's personalite traits. In other words, an individual's clothing tells others what he is like. Let's look at an example of this... A stage costume helps the player to became a character in a play... We tell others about our roles by the clothing we wear. In the same way, through clothing, we know something about the roles of other persons ... You identify yourself with a special organization when you wear the uniform of the group". Elsa Lategan: *Kies u klere reg, mevrou,* uitgegee deur die Seksie Huishoudkunde, Departement Nasionale Opvoeding, Pretoria, 1972, bl. 1: "Kleding speel 'n baie belangrike rol in 'n mens se uiterlike voorkoms. Dit is een van die maatstawwe wat gebruik word om ons medemens mee te peil. Dit gee 'n aanduiding van hoe om teenoor die persoon op te tree en ook wat om van die persoon te verwag... Verder behoort dit ook 'n weerspieëling van die persoon se persoonlikheid te wees". Elaine Botha: a.w., bl. 241: sê van die klere van die "Teddy Boys": "Dit was nie lank eerdat dit duidelik was dat aan hierdie tipe van kleding 'n baie duidelike anargisties-agressiewe lewensstyl verbonde was nie". Sy haal Lawrence Langner aan wat sê: "When these youths put on these garments, they also put on a behaviour pattern of which the clothes are symbolic" (a.w., bl. 241).

[38] C. Bouma: a.w., bl. 61, 62.

[39] A. P. Treurnicht: *Die sin van ons kleredrag,* in: Handhaaf, Junie 1969, bl. 16.

# HOOFSTUK 9

## *DIE LIGGAAM — 'N TEMPEL VAN GOD*

DIE feit dat die apostel Paulus die liggaam van die gelowige 'n tempel van God en 'n tempel van die Heilige Gees noem, is ook van groot belang (vgl. 1 Kor. 3:16, 17 en 6:15-20).

Omdat die liggaam van die gelowige 'n tempel van God genoem word, moet dit ook as sodanig behandel word — ook deur die klere waarmee dit bedek word. Dit vloei logies voort uit die voorgaande waarin gestel is dat die mens dié klere aantrek wat uiterlik en innerlik by hom pas.

> Net so min as wat die tempel van God (die gebou) geadverteer kan word met die uithangborde van 'n ontughuis, net so min kan die tempel van God (die liggaam) geklee word met die klere wat pas by 'n ontugtige en derhalwe aanleiding gee tot ontugtige of onkuise dade, gebare, woorde, luste of gedagtes.

Ons gevolgtrekkinge hier kan ons soos volg formuleer:

- Alle vorme van kleding wat daartoe aanleiding gee dat ons, soos Paulus dit stel, die lede van Christus (ons liggame) neem en dit lede van 'n hoer maak — deur daad of woord of gedagte — is teen die wil van God en daarom ten sterkste verbode (vgl. 2 Kor. 6:15-20). Positief geld hier die woorde van Paulus: "Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan *in julle liggaam* en julle gees *wat aan God behoort"* (2 Kor. 6:20).

# HOOFSTUK 10

# HOEVEEL MOET BEDEK WEES?

WANNEER die Christelike standpunt gestel word, naamlik dat die mens behoorlik geklee moet wees, word daarop heel dikwels geantwoord met die vraag: Maar hoeveel van die liggaam moet dan bedek wees en hoeveel kan ontbloot word?

Hierdie vraag openbaar in baie gevalle reeds 'n verkeerde gesindheid. Dit openbaar dieselfde gees en gesindheid as die vraag: Hoe naby aan die afgrond kan ek loop sonder om daarin af te stort? Enige regdenkende mens sal daarop antwoord: Moet dit liewer nie probeer vasstel nie. Bly weg daarvandaan.

Toegepas op die Christelike beginsels beteken so 'n vraag eintlik: Hoe naby kan ek aan die sonde kom sonder om werklik te sondig en God se gebod te oortree? Die verkeerde gesindheid wat in so 'n vraag na vore kom, is dat daar 'n verlange en begeerte na die sonde is. Vandaar die hunkering om so naby as moontlik daaraan te kom. Daarteenoor staan die Christelike standpunt dat die gelowige moet vlug vir die sonde en probeer om so ver as enigsins moontlik daarvan weg te bly.

As ons ons kleredrag in hierdie lig beskou, beteken dit dat ons nie 'n poging moet aanwend om te kyk hoeveel van ons liggame ons kan ontbloot voordat ons sondig of aanleiding gee tot sonde nie. Hier geld derhalwe ook die woorde van Paulus aan Timothéüs: "So ook moet die vroue hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid..." (1 Tim. 2:9).

Die psigoloog, J. C. Flugel, vestig in hierdie verband die aandag op 'n belangrike saak. Hy sê dat sielkundiges dit met mekaar eens is dat daar 'n groter seksuele aantrekkingskrag van 'n vrou uitstraal as van 'n man; by die vrou word die hele liggaam geseksualiseer, terwyl die seksuele aantrekkingskrag by die man meer gekonsentreer word op sy geslagsorgane. Daarom het die ontbloting van *enige* deel van die vrou se liggaam 'n groter seksuele aantrekkingskrag as die ontbloting van die ooreenstemmende deel van die man se liggaam, behalwe miskien vir die geslagsorgane self.[40] Die gevolg is dat die vrou, deur haar liggaam slegs 'n bietjie meer as gewoonlik te ontbloot, seksuele begeertes by die man laat ontstaan, terwyl sy dit in alle eerlikheid nie bedoel het nie.[41] Watter uitwerking moet dit dan nie hê as 'n vrou haar doelbewus só gaan klee (of so gaan ontbloot) dat sy mans seksueel kan prikkel nie!?

Daarby kom nog dat 'n halwe ontbloting van die liggaam dikwels meer sinneprikkelend kan wees as 'n algehele ontbloting.

Dit is trouens 'n vasstaande feit dat 'n gedeeltelike aanbieding van 'n saak 'n mens laat hunker na 'n volle aanbieding. In die bioskoop word 'n gedeelte van 'n komende prent vertoon om die mense te lok om die prent in sy geheel te kom sien. As 'n mens lekker kos proe, wek dit in jou die begeerte om 'n vol bord van dié kos te eet. As 'n gedeelte van 'n goeie roman gelees word, lok dit jou uit om die roman in sy geheel te lees. Dit is juis wat aan vervolgverhale so 'n besondere trefkrag verleen. Jy word daardeur as 't ware gedwing om aanstaande week se tydskrif ook te koop om die verdere verloop van die verhaal te volg.

So gesien is die vroueklere *met* die hals wat *so* laag gedaal en die soom wat so hoog gestyg het 'n mini-seksuele aanbieding, en juis hierdie mini-seksuele aanbieding kan 'n sterk

[40] J. C. Flugel: *The psychology of clothes,* The Hogarth Press Ltd., London, 1966, bl. 107. Vgl. in hierdie verband ook 'n berig in *Die Transvaler* van 14 Mei 1973, bl. 6 waarin 'n persoon oor die minirok gesê het: "'n Mens kan seker sê mans word daardeur uitgelok. Mans is só — die kleinste ou dingetjie lok hulle uit. Hulle is daarop ingestel om uitgelok te word. Dis altyd in hulle gedagtes... Vroue redeneer nie so nie. Nie eens die losbandigste nie. Hulle trek in die eerste plek 'n sekere soort klere aan omdat hulle self daardeur tevrede gestel word".

[41] J. C. Flugel: a.w., bl. 108.

begeerte wek na volle seksuele omgang. Daarom is hierdie klere so uiters sinneprikkelend en gee dit so maklik aanleiding tot sondige begeertes.

Satan gaan fyn sielkundig te werk. Hy weet met watter modes en metodes hy ons die maklikste kan laat struikel. Daarom moet ons op ons hoede wees om nie deur ons kleredrag vaardige instrumente in sy bose hand te word sodat ons ander tot sonde verlei en onsself boonop daaraan blootstel nie.

# HOOFSTUK 11

## *VERSKYNING IN DIE PUBLIEK (ONSEDELIKE AANRANDINGS)*

DIE minirok en ander seks-prikkelende klere hou nie net gevare tot sonde in wanneer 'n man besig is om 'n dame die hof te maak nie. Die blote verskyning daarmee in die publiek bied al oorgenoeg aanleiding tot sonde — al is dit dan net tot sondige gedagtes. Die praktyk het tog al getoon dat baie van die minirokdraers nie kan sit sonder dat hulle intiemste onderklere teen wil en dank gesien kan word nie — deur eg vrome en eg wellustige mans. Die aanskouing daarvan is genoeg om sondige gedagtes te laat ontstaan. Nou sê Christus wel: "Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het" (Matt. 5:28). Maar as 'n vrou deur haar kleredrag aanleiding gee tot so 'n begeerte by die man, dan is sy net so skuldig, indien nie meer nie, want sy is die oorsaak dat hy sondig. Sy word vir hom 'n struikelblok.

In hierdie lig beskou, sien ons hoe blatant, onsedelik en onchristelik Mary Quant is in haar uitsprake oor die kleredrag van die vrou in die algemeen en in besonder oor die minirok waarvan sy die moeder is.

Van die minirok het sy gesê dat die vrou wat dit aantrek daardeur aan elke man wil sê: Ek is beskikbaar! ("I am available").[42]

Dat dit geen terloopse opmerking in 'n onbewaakte oomblik was nie, blyk daaruit dat sy volgens 'n Amerikaanse tydskrif in die verband ook gesê het: Is ek die enigste vrou wat al in die middag met 'n man na die bed wou gaan? Enige wetsgehoorsame vrou, so word aanvaar, wag vir die donker. Daar is egter baie meisies wat nie wil wag nie. Van hulle is die mini-drag tiperend.[43]

- Die minirok is dus in werklikheid niks anders nie as 'n aanhoudende uitnodiging tot ontug. Al sal almal wat minirokke dra dit nie pertinent so bedoel nie, is dit tog goed om te onthou dat die minirok spesifiek met dié doel voor oë ontwerp is. Daarom is die dra van sulke minirokke ook glad nie so onskuldig as wat baie vrouens en meisies wil voorgee nie.[44] Klere het immers ook dié betekenis dat jy jou daarmee in mindere of meerdere mate identifiseer met 'n bepaalde groep wat gewoonlik daardie klere dra en met die beroep, verpligtings en lewensbeskouing van daardie groep.[45] Daarom sal geen vrou of meisie wat 'n minirok dra, haar ooit heeltemal kan losmaak van die uitspraak van die "moeder" van die minirok oor hierdie skepping van haar nie.

Dat Mary Quant doelbewus daarop uit is om deur haar skeppinge as modeontwerpster mans opsetlik seksueel te prikkel en aan te lok, blyk duidelik as sy sê: Die hedendaagse vrou openbaar in haar kleredrag 'n baie hoër morele peil as die vrouens van die verlede. Sy is ook baie eerliker as hulle. In die verlede was die gedrag van die vrou skokkend, omdat sy toe haar seksualiteit net gebruik het om 'n man te kry. Sy het hom op hierdie aaklige wyse misbruik deur haar liefde aan hom te verkoop vir 'n huwelik en 'n goeie bankbalans. Vandag sê sy openlik deur haar kleredrag: Ek hou van seks. Ek is lief vir mans. Ek geniet die lewe.[46]

Dit kom daarop neer dat die vrou vandag deur haar kleredrag moet sê dat sy bereid is tot seksuele omgang buite die huwelik.

---

[42] Vgl. J. J. Snyman: *Popmusiek en popkultuur,* Uitgawe van Korps Veritas Vincet, PU vir CHO, Potchefstroom, Julie 1974, bl. 25.

[43] Anything goes, *Newsweek,* 13 Nov. 1967, bl. 42.

[44] Vgl. H. C. J. Flemming: a.w., bl. 28, 29: "Dié kleredrag is die wegbereider vir die wellus en sal nêrens meer gevolg en verdedig word as daar waar verborge ontug heerskappy voer nie".

[45] Margil Vanderhoff: a.w., bl. 19, 20: "You identify yourself with a special organization when you wear the uniform of the group".

[46] Advertensie, McCalls, Jan. 1970, aangehaal deur Elaine Botha: a.w., bl. 246.

Die minirok is ook nie die enigste kledingstuk wat Mary Quant ontwerp het met die oog op seksuele prikkeling nie. In 'n Londense blad word 'n deursigtige bloes, wat deur haar ontwerp is, geadverteer met die volgende byskrif daarby:

- 'n Skimp, 'n bietjie terg en tart en 'n subtiele "hoe lyk dit"? —. is verreweg *meer* opwindend as 'n groot stuk naakte liggaam, soos enige man of ontkleedanser sal getuig. Dus, terwyl jou mededingster deur kompetisie gedwing word om haar halslyn steeds laer te laat sak, moet jy ewe onskuldig in 'n eina-eina deurskynende bloesie soos hierdie inglip. Mary Quant het dit ontwerp, en dit sê alles wat daarvan gesê moet word, behalwe dat sy dit net vir ons ontwerp het... As jy slank (en dapper) genoeg is, dra dit net oor jou vel sonder enigiets daaronder.[47]

Dit is ook nie net Mary Quant wat klere vir die vrou ontwerp met die oog op seksuele prikkeling nie. In *The Rag Race* van Bernard Roscho word gesê: Sophie, die ontwerpster van "Saks Fifth Avenue" en van die vrou van die president, is bekend vir haar beklemtoning van sagte vroulikheid en fatsoenlikheid. Tog sê sy: Ek probeer my bes om 'n vrou so seksprikkelend as moontlik te maak en haar tog nog na 'n egte dame te laat lyk.[48]

As ons nou langs hierdie sondig-uitdagende uitsprake en optrede van Mary Quant en haar geesgenote gegewens plaas oor die *onsedelike aanranding* van meisies en vrouens, sien ons duidelik hoe ernstig die saak is.

Verskeie persone en instansies het dit as hulle oortuiging uitgespreek dat gewaagde en los kleredrag 'n regstreekse oorsaak van baie onsedelike aanrandings is.[49]

In 'n artikel oor *onsedelike aanranding* skryf Igna Wessels: "Die Amerikaners het al baie navorsing hieroor gedoen en hulle sê aanrandings gebeur nie toevallig nie en die onbekende aanrander wat jou in die donker gryp, bestaan nie eintlik nie".[50]

In die artikel sê sy verder: "In die misdaadgeskiedenis is dit bekend dat dit nie altyd net die misdadiger is wat vir sy daad verantwoordelik is nie. Die slagoffers is soms saam skuldig. Vroue skep dikwels onbewustelik 'n situasie wat tot aanranding kan lei; en as 'n mens in die warm weer so om jou op die straat kyk, of jy sien hoe openlik uitlokkend vroue hulle soms op 'n partytjie gedra, is jy geneig om te dink die kriminoloë het dalk rede vir hulle stelling".[51] Ook word gesê dat een van die beste voorkomende maatreëls vir die vrou is om haar nie te "adverteer" nie.[52]

Dr. A. P. Treurnicht toon dat hy dieselfde mening toegedaan is as hy sê: "Dit ly geen twyfel nie dat baie aanrandings en seksuele vergrype gewyt moet word aan onversigtige en selfs opsetlik suggestiewe kleding of minimum kleding. Mense sal 'n baie heilsamer en veiliger weg bewandel wanneer hulle die afstand handhaaf waardeur ons skaamtegevoel deur behoorlike kleding veilig gestel word".[53]

In die lig hiervan moet 'n mens noodwendig tot die gevolgtrekking kom dat daar tussen die klere soos die wat deur Mary Quant ontwerp is en die onsedelike aanranding van vrouens en meisies 'n direkte verband is. Dié klere is immers bedoel om die sinne te prikkel en verlei. En as daar in genoemde artikel oor aanranding gesê word dat daar geen wreder lot vir die vrou is as dit nie, moet in alle billikheid daarby gesê word dat die vrouens met wie dit gebeur, gewoonlik self daarvoor aanspreeklik is — ook deur hulle kleredrag.

Hierdie gevaar word deur Igna Wessels onderstreep as sy sê: "Vrouemodes, of ons dit nou

---

[47] Over 21, Sept. 1972, bl. 61.

[48] Aangehaal deur J. M. Raath: aw., bl. 136.

[49] H. C. J. Flemming: a.w., bl. 28.

[50] Igna Wessels: *Aanranding — geen wreder lot vir 'n vrou,* in: Sarie Marais, 28 Maart 1973, bl. 21.

[51] Ibid., bl. 31.

[52] Ibid., bl. 31.

[53] A. P. Treurnicht: a.w., bl. 16.

wil aanvaar of nie, kan sedebederwend wees, sê opvoedkundiges. Jy mag feitlik nakend loop en so prikkelend moontlik lyk, maar jy moet kuis bly. Hoe kan 'n jong mens hierdie twee dinge rym?" [54]

[54] Igna Wessels: *Wat skort met seksvoorligting?* in: Sarie Marais, 25 Oktober 1972, bl. 33.

# HOOFSTUK 12

## *GEVAAR TYDENS HOFMAKERY*

WAT gebeur as 'n jongman kuier by 'n meisie met 'n minirok aan, veral as hy besig is om haar die hof te maak?

Ons moet nugter oor die saak dink.

As die meisie gaan sit, skuif die kort rokkie verder op, veral as dit nou is. As sy rondbeweeg op haar sitplek, skuif die rokkie gewoonlik nog verder op. Dit kan — soos reeds aangedui — aanleiding gee tot die ongeoorloofde.

As dit 'n jongman en meisie van edele inbors is wat nie van die begin af sondige bedoelings voor oë gehad het nie, kon so 'n ongeoorloofde daad vermy gewees het as die meisie nie 'n minirok aangehad het nie. Deur die minirok het sy, miskien heeltemal onbewus, die man eintlik uitgelok om meer te doen as wat geoorloof is. Deur haar minirok het sy haarself blootgestel aan onkuisheid.[55] Dit geld natuurlik nie net van die minirok nie maar ook van ander vorms van gewaagde en prikkelende kleredrag.

Sonder om die man se verantwoordelikheid enigsins opsy te skuif, kan hier tog gesê word dat die meisie deur haar minirok aanleiding gegee het dat die man struikel en sy saam met hom. (Natuurlik, as haar bedoelings nie suiwer en edel is nie, kan dit ook gebeur as sy 'n rok aan het wat byna tot die enkels reik, maar oor dergelike sondige gesindhede word nie hier gehandel nie.) Daarom geld hier ook onverswak die woorde van Christus: "Dit is onvermydelik dat die struikelblokke kom, maar wee hom deur wie hulle kom. Dit is beter vir hom as 'n meulsteen aan sy nek gehang en hy in die see gegooi word, as dat hy een van hierdie kleintjies sou laat struikel" (Luk. 17:1, 2). (Met "kleintjies" word hier *nie* bedoel klein kindertjies nie, maar diegene wat klein is in geloof en geloofskrag).

Ook hier kan ons saam met ds. Engelbrecht sê: "Die Christelike jongmeisie sal altyd vir die jongman 'n bron van besieling, 'n inspirasie tot skone idealisme en onskuldige romantiek wees . .. Maar hoe gou word in die lewe van jong seuns wat van huis uit nie sleg van karakter is nie, die mooie, onskuldige en veredelende romantiek van eerste liefdesontwakinge bederf en besoedel, omdat hulle, sonder dat hulle daarna soek, voortdurend of dikwels, te veel van die liggaam van die meisies sien in wie hy belangstel. Die geslagsdrang wat onder normale omstandighede op daardie jeugdige leeftyd nog sluimerend moes wees, terwyl die voorwerpe van hulle "liefde" geïdealiseer sou word en los is van al wat onrein is, word ontydig en vroegtydig opgewek, en sy wie se vriendskap vir hom enkele besieling moes wees, in hom alleen moes opwek mooi gedagtes oor mooi dinge, mooi dagdrome en mooi verlangens na 'n nog mooier toekoms — sy word, sonder dat sy dit ook so bedoel, vir hom 'n bron van gevaar".[56]

Ds. Engelbrecht sê verder: "'n Oormoedige moderne geslag is besig om gevaarlike

---

[55] Daar word in die jongste tyd gedurig beweer dat die minirok uit die mode is, maar die harde feite toon dat daar nog groot getalle vrouens en meisies is wat dit dra en skynbaar ook nie van voorneme is om daarvan af te sien nie. Nadat ek 'n artikel in *Die Transvaler* van 5 Mei 1973 geskryf het waarin ek verwys het na wat Mary Quant oor die minirok gesê het, het 'n dame in reaksie daarop gesê: "Dominee, hou tog tred met die tyd! Die minirok is láááánkal nie meer die toonaangewende modegier nie". *(Die Transvaler*, 9 Mei 1973, bl. 3). Maar slegs vyf dae later op 14 Mei 1973, verskyn daar in dieselfde blad 'n berig waarin gesê word dat die minirok nog baie aftrek kry (bl. 6). En in *Scope* van 22 Maart 1974 het 'n fotoartikel verskyn waarin gesê word: "Every year the fashion pundits say, 'The mini is positively on the way out!' They were wrong in 1970; they were wrong in 1971; they were wrong in 1972; they were wrong in 1973; they were wrong in 1974. Roll on the year of the mini — 1975" (bl. 75). En selfs in *Die Huisgenoot* van 27 Sept. 1974 word by 'n fotoartikel gesê: "Net so seker as dat die mini dood is, so seker is dit dat die mini lank sal lewe. Solank daar tieners, lande met goue son en meisies met mooi bruin bene is, sal die mini altyd gedra word" (bl. 17).
[56] J. J. Engelbrecht: a.w., bl. 42.

eksperimente te maak ten koste van die welsyn van hulle liggame en die reinheid en saligheid van hulle siele. Die tentoonstelling van die ontblote liggaam is 'n ware saad van die verderf, wat al meer en meer roekeloos rondgestrooi word, 'n giftige lokaas vir die siel is dit, 'n lokval van die hel, die strik van die voëlvanger op die pad van die jongeling. Soos die vlam van 'n kers die mot bekoor en lok om al nader en nader te kom, so word die jongman met magnetiese krag gelok en bekoor deur die skoonheid van die jong-vroulike liggaam. Die skoonheid wek die hartstog; hoe groter die skoonheid, hoe sterker die hartstog. Die mot vind sy dood in die vlam"![57]

Hierdie waarskuwings behoort elke meisie en elke moeder met tienderjarige en selfs ouer dogters deeglik ter harte te neem. Die praktyk van die lewe het die waarheid van hierdie woorde tiendubbeld bevestig.

Die algemene reël wat vir ons as Christene ook ten opsigte van ons kleredrag geld, word mooi en baie duidelik soos volg in Rom. 6:13 deur die apostel Paulus gestel:

"Moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van die ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewendig geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God."

[57] Ibid., bl. 32.

# HOOFSTUK. 13

## *SWEMKLERE*

DAT 'n mens se swemklere baie anders kan en moet wees as jou gewone klere, kan geensins betwyfel word nie. Tog kan, in die lig van die beginsels wat in die voorgaande gestel is, ook hier bepaalde riglyne gegee word.

Dit hou onder andere in dat die baaikostuum die liggaam soveel as moontlik moet bedek, natuurlik sonder dat 'n mens in jou swem-aksie daardeur gestrem word. Daarom moet die bikini en die "riem" met hulle minimum bedekking deur die Christen met beslistheid afgewys word.

'n Christen behoort ook, sodra hy of sy uit die water kom, een of ander oorkleed aan te trek. Die ervaring het immers geleer dat die geleentheid om tot sonde verlei te word — al is dit net sondige gedagtes — baie gering is wanneer 'n mens swem met die werklike doel om te swem. Die gevaar om te sondig word egter baie vergroot wanneer mense buite die swemwaters in die minimum Mere heen en weer voor die oë van ander paradeer.

'n Ondersoekende oog by die swemplekke kan ook gou vasstel dat daar in die reël 'n baie groot aantal mense is wat weinig in swem as sodanig belangstel. Vir hulle gaan dit meer om die vertoning van hulle minimum bedekte liggame voor die oë van welvoeglike en onwelvoeglike en wellustige mense.

Dat ons hier met *sonde* en *bewustelike verleiding tot sonde* te doen het, kan nie betwyfel word nie. Saam met die apostel Petrus kan van hulle gesê word dat hulle daar rondloop "met oë vol van owerspel, wat nie ophou om te sondig nie; hulle verlok onvaste siele ... hulle is kinders van die vervloeking" (2 Pet. 2:14).

# HOOFSTUK 14

## *ONTKLEEDANSE*

DIE doel van ontkleedanse is tweeledig:

1. om op 'n perverse, platvloerse en seksueel-prikkelende wyse ontspanning aan te bied;
2. om deur hierdie bedenklike, seksueel-prikkelende wyse geld te verdien.

Ons kan ons ten volle vereenselwig met die kommentaar wat in 'n hoofartikel in *Die Transvaler* daaroor gesê is. Daarin is onder andere verklaar:

> "Organiseerders, deelnemers en toeskouers kan redeneer soos hulle wil om 'n ontkleedans 'n kunsvorm te noem, dit bly platvloerse ontspanning in die klimaat van pornografie. In ritme en beweging in aksie en intensie is ontkleedanse in die algemeen ingestel op die mees elementêre prikkeling van die sinlike ...
>
> Dit is suggestiewe ontbloting wat sy klimaks bereik in volledige naaktheid wat vertoon word sonder enige ander motief as die sensasie van die seksuele. Die vorm en inhoud daarvan is growwe uitbuiting en kommersialisering van die drifmatige. Dit kan maklik ontaard in 'n appèl op die perverte in die mens.
>
> Daarom is dit noodsaaklik dat die publiek beskerm moet word teen hierdie onsedelike ontbloting .. ." [58]

In die lig hiervan behoort dit duidelik te wees dat ontkleedanse en dergelike praktyke vir die Christen geheel en al onaanvaarbaar en verwerplik is.

---

[58] Die Transvaler, 22 Oktober 1973, bl. 12.

# HOOFSTUK 15

## *UNISEX*

IN die verlede het die kleredrag en voorkoms van mans en vrouens ook gedien as middel om hulle maklik van mekaar te onderskei. Maar hierdie eienskap van kleredrag en voorkoms is vinnig besig om te verdwyn, omdat die vrou onder andere meer broekagtige klere dra en die mans 'n haarstyl het wat in vorige dekades beskou is as paslik net vir die vrou: "Kleding vervul vandag 'n ondergeskikte rol in die onderskeiding van die geslagte".[59] In China is dit reeds so dat die klere wat mense dra, nie 'n verskil in geslag of klasse aandui nie.[60]

Die vroue-vryheidsvegters, bekend as die Women's Liberation Movement, het, veral in Amerika, 'n sterk en doelgerigte aksie geloods vir die uitwissing van kunsmatige grense tussen man en vrou. Hulle het veral in verset gekom "teen die grootskaalse erotiek in die uitbuiting van die vrou via die tydskrif- en reklamewese".[61] Die motivering vir hulle aksie is dan ook dat die vrou se liggaam op hierdie wyse uitgebuit word deur 'n man-gedomineerde modewêreld vir erotiese bevrediging en in diens gestel word van die sogenaamde kapitalistiese samelewing.[62]

Vir die beoordeling van die unisex-idees is die bepaling in Deut. 22:5 van besondere belang. Daarin word verklaar: "'n vrou mag geen mansklere dra nie, en 'n man mag geen vrouensklere aantrek nie; want almal wat dit doen is vir die Here 'n gruwel".

Waarom is dit vir die Here 'n gruwel?

Prof. J. H. Kroeze antwoord daarop soos volg: "Vir sover ons die Skrif ken, kan ons antwoord wees dat die onderskeid tussen die geslagte nie verdoesel of weggesteek mag word nie, dat mense geen klere mag dra wat in hierdie opsig misleidend is nie. God is die Skepper van die onderskeid tussen die geslagte. Hy het daarmee 'n diepe bedoeling gehad, en om dit nie te handhaaf nie, is 'n gruwel vir Hom. Dit moet vir Israel voldoende motief wees, soos by so baie gebooie hierdie motief genoem word (17:1; 18:12; 24:4; 25:16, ens.)"[63]

In ooreenstemming met hierdie siening is ook die verklaring van die Bybel met Verklarende Aantekeninge wat sê dat die strekking van hierdie gebod is "dat die eie aard van al die dinge wat God by die skepping daarin gelê het, geëerbiedig moet word".

Daar is egter ook nog 'n ander oorweging wat in hierdie verband genoem moet word. Kleredrag en voorkoms waarin die geslagte nie van mekaar onderskei word nie, skep die moontlikheid vir homoseksuele bedrywighede. Nou is dit 'n vraag of hierdie verbod nie miskien ook daarop betrekking het nie. By sekere kultiese plegtighede in diens van bepaalde afgode het dit immers wel gebeur dat mense klere van die teenoorgestelde geslag aangetrek het om, soos dit gestel is, mense tot "skandelike handelinge" te verlei. En daar is inderdaad 'n groot moontlikheid dat met hierdie "skandelike handelinge" homoseksualiteit bedoel is.[64] En aangesien alle vorme van homoseksualiteit vir die Here 'n gruwel is, is dit moontlik dat Hy dit by voorbaat wou voorkom deur die verbod om die ander geslag se klere te dra. En dan is die verbod in Deut. 22:5 "nie so onbetekenend as wat dit vir sommige mag skyn nie".[65]

---

[59] Elaine Botha: a.w., bl. 248.

[60] Ibid., bl. 248.

[61] Ibid., bl. 248.

[62] Ibid., bl. 248.

[63] J. H. Kroeze: *Bybel en seks,* Boekhandel De Jong, Braamfontein (Johannesburg), 1970, bl. 69. Vgl. ook J. Ridderbos: *Het boek Deuteronomium$^{2}$,* K.V. der H.S., J. H. Kok, Kampen, 1964, bl. 39.

[64] J. H. Kroeze: a.w., bl. 70.

[65] Ibid, bl. 71. Ook Flugel (a.w., bl. 201, 202) is van oordeel dat die afkeer van ongedifferensieerde klere vir man en vrou in die "gevestigde moraal" gedeeltelik opkom uit 'n vrees vir homoseksualiteit.

Waar die "eie aard" of identiteit van man en vrou in die unisex-voorkoms juis weggesteek of twyfelagtig gehou word, moet ons aanvaar dat ons hier te doen het met 'n praktyk wat strydig is met die wil van God en daarom afgewys moet word.

---

Tog is hy van oordeel dat die gevestigde moraal in sy afwysing van ongedifferensieerde klere 'n duidelike tweeslagtigheid vertoon. Want hy sê dat ons wel voorgee dat ons nie wil hê dat seksuele gevoelens geprikkel moet word nie, maar tog hou ons krampagtig aan 'n lewens- en kultuurpatroon vas waarin hierdie gevoelens baie sterk geprikkel word omdat ons nie wil afsien van kleredrag waardeur die geslag van 'n persoon onmiddellik en duidelik aangedui word nie. Hy sê: "There seems to be no escape from the view that the fundamental purpose of adopting a distinctive dress for the two sexes is to stimulate sex instinct".

# HOOFSTUK 16

## *DIE INNERLIKE VERSIERING VAN DIE VROU*

DIT pas by 'n vrou om haar te versier. God self leer ons dit in sy Woord. Johannes verklaar immers dat hy die nuwe Jerusalem van God uit die hemel sien neerdaal het, "toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is" (Openb. 21:2). En in Ps. 45 lees ons van die koningsbruid: "In veelkleurige gewade word sy na die Koning gelei".

Met hierdie uitsprake in gedagte doen dit mens enigsins vreemd aan dat die apostel Petrus aan die gelowige vrouens skryf: "Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie; maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees wat baie kosbaar is voor God" (1 Pet. 3:3, 4).

Gesien in sy samehang met die Bybel as geheel, beteken hierdie uitspraak van Petrus egter nié dat die vrou haar hoegenaamd nie mag versier nie. Die uitsprake elders in die Skrif wat aan die begin genoem is, toon dit duidelik aan. Trouens, Petrus self toon in genoemde uitspraak ook eintlik aan dat hy nie bedoel dat letterlik alle versierings van die vrou in die ban gedoen moet word nie. As 'n mens immers sy woorde op so 'n wyse letterlik moet neem, sal dit ook beteken dat die vrouens heeltemal nakend, sonder 'n enkele draad aan, in die publiek moet verskyn, want hy sê ook dat die vrouens hulle nie moet versier met die "aantrek van klere nie". Dat Petrus 'n propagandis van nudisme was, en dit boonop nog sou gedoen het onder inspirasie van die Heilige Gees, is ewe ondenkbaar as belaglik.

Wat bedoel Petrus dan?

Petrus wil alleen aandui watter soort versiering vir die gelowige vrou die vernaamste en die belangrikste is. Dit is 'n kwessie van beklemtoning.

Dit is met die woorde van Petrus net so gesteld as met die woorde van Christus as Hy sê: "Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe" (Joh. 6:27). Daarmee bedoel Christus beslis nie dat ons nié moet werk vir ons daaglikse brood nie, maar slegs dat dit nie die enigste of selfs die vernaamste deel van ons arbeid moet wees nie. So bedoel Petrus ook dat die uiterlike versiering van die gelowige vrou nooit voorrang mag geniet bo die innerlike versiering nie; inteendeel, dit moet presies andersom wees.

Enige vorm van versiering trek gewoonlik die aandag. Maar die versiering van die Christenvrou moet nie net 'n uiterlike versiering wees waardeur die oë geboei en die sinne geprikkel word nie, maar dit moet veral 'n innerlike versiering van die hart wees wat tog ook weer sodanig na buite uitstraal dat dit deur almal opgemerk en bewonder word. Hulle respek en agting moet deur haar Christelike sieleadel afgedwing word.

Bowendien moet die gelowige vrou steeds onthou dat enige vorm van uiterlike versiering, hoe kostelik dit ook al mag wees, verganklik van aard is. Dit is nooit blywend nie. Dit kan die proses van veroudering en aftakeling nie ontwyk nie. Daarteenoor staan die Christelike innerlike versiering. Dit is die versiering van die lewensboom met die vrugte van die Heilige Gees: liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing (Gal. 5:22). Hierdie innerlike versiering is onverganklik en ewigblywend omdat die Heilige Gees wat dit werk, ewig is. Ook groei dit steeds terwyl die gelowige voortgaan op die pad van heiligmaking.

Hoe word hierdie innerlike versiering nou verkry?

Dit word verkry deur voortdurende gemeenskaps-oefening met die Here Jesus Christus deur gebed, Skrifondersoek, luister na die bediening van die Woord, nagmaal, ens. sodat die lewe vir ons meer en meer Christus word. En as die lewe vir ons Christus is, sal ons ook briewe van Christus wees, geken en gelees deur alle mense.

Christus self is dus die onverganklike versiering by uitnemendheid waarmee die verborge mens van die hart versier moet word. Daarom sê Paulus ook: "Beklee julle met die Here Jesus Christus" (Rom. 13:14). Trouens, as ons onsself met Christus beklee en versier het en Hy steeds meer deur sy Gees in ons harte kom woon, dan sal ons vanself sagmoedige en stille geeste word wat baie kosbaar voor God is, omdat ons dan steeds meer die beeld van Christus gaan vertoon en ... Hy was 'n sagmoedige en stille gees. Hy self sê immers dat Hy sagmoedig en nederig van hart is (Matt. 11:29). En wie kan sy stilheid van gees betwyfel as Jesaja van Hom sê dat Hy soos 'n skaap is wat stom is voor sy skeerders?

Dit beteken natuurlik nie dat iemand met so 'n gesindheid nie sterk kan optree en selfs ernstig kan vermaan en bestraf nie. Hoegenaamd nie! Trouens, juis die verwysing na Christus wys op die teendeel. Toe dit nodig was, het Hy die Fariseërs fel en skerp bestraf oor hulle skynheiligheid (Matt. 23). Maar ook dan het Hy opgetree met 'n bewoë hart wat hulle in liefde roep tot bekering en redding. Daarom kan die vrou wat versier is met 'n sagmoedige en stille gees wat baie kosbaar is voor God, tog ook sterk en beslis optree indien dit nodig mag wees. Maar dan doen sy dit ook, in navolging van haar Heiland, met 'n sagmoedige en nederige hart.

Wie dus waarlik met Christus versier is, moet 'n sagmoedige en stille gees wees; hulle moet vriendelik, beskeie, ootmoedig en ingetoë van aard wees. Die sagmoedige en stille gees wat by sulke vrouens gevind word, is dan ook eintlik niks anders nie as 'n sagte, deurdringende skynsel wat vanuit die hart wat met Christus as dié onverganklike versiering versier is, na buite straal, en hierdie versiering is duisendmaal mooier as enige uiterlike versiering. Dit is 'n versiering wat blywend is in sowel die mooiweersdae as die onweersdae van die lewe; dit is blywend vir tyd en ... ewigheid.

Die gelowige vrou behoort hierdie woorde van die apostel Petrus goed te oordink, veral omdat daar vandag ook die sterk neiging is om baie meer aandag aan die uiterlike as aan die innerlike versiering te skenk. Dink maar 'n bietjie na: baie tyd word in die winkels bestee aan die aankoop van klere en middele vir die uiterlike versiering; ure voor die naaimasjien; ure om die hare mooi te maak; ure voor die spieël; ure met breiwerk.

Nou het ons gesien dat daar met uiterlike versiering as sodanig niks verkeerd is nie — mits dit natuurlik binne perke bly. Maar as soveel aandag aan die uiterlike versiering bestee word dat die innerlike versiering skade ly, dan is daar alles mee verkeerd.

Nou is dit meesal so dat dié wat soveel ure aan uiterlike versiering bestee, soms weinig tyd het vir die innerlike versiering.

Hoe ly die gebedslewe nie soms skade nie? Wat word gedoen in verband met Skrifstudie? Hoe weinig word Christelike boeke en blaaie gelees? Hoeveel kom van die gemeenskap van die heiliges buite die kerkgebou tereg?

So ly die innerlike en onverganklike versiering van die hart skade.

Nou moet ons onthou: hoe minder ons onsself innerlik met Christus versier, hoe minder sal Christus ook deur ons lewenswandel na buite geopenbaar word. Daarom maak baie gelowiges vandag in die oë van die wêreld so 'n powere indruk, sodat die moontlikheid dat 'n wêreldling alleen deur hulle lewenswandel sonder woorde vir Christus gewin kan word, feitlik heeltemal uitgesluit is. En is die gebrek aan innerlike versiering met Christus nie ook die rede waarom die sagmoedige en stille gees soms by ons ontbreek nie?

Daarby moet ons onthou: die vrou wie se vernaamste versiering nie 'n uiterlike nie maar 'n innerlike versiering met Jesus Christus is, sal nie alleen kostelik wees vir haar man en haar gesin nie; sy is ook baie kosbaar voor God.

Daarom, gee aan uself eerlik en opreg voor God antwoord op die baie belangrike vraag: Waaraan gee ek die meeste aandag: aan my uiterlike of innerlike versiering?

# HOOFSTUK 17

## *KONKLUSIES*

1. Die huidige seksuele rewolusie openbaar homself duidelik in 'n mode-rewolusie waarin besondere prominensie verleen word aan naaktheid en seksuele prikkeling.
2. Gewoonlik word geoordeel dat klere hoofsaaklik die volgende drie funksies of doeleindes het: *bedekking* van die liggaam met die oog op kuisheid; *beskerming* van die liggaam; *versiering* van die liggaam.
3. Vir ons Nieu-Testamentiese gelowiges bied die Bybel nie direkte, bindende voorskrifte waardeur die presiese vorm, lengte, wydte, ens. van ons kleredrag aangedui word nie, maar dit bied ons wel duidelike *beginsels* in die verband, en hierdie beginsels verander nooit.
4. Die feit dat God die *skorte van vyeblare* wat slegs *'n deel van die liggaam* bedek het, van Adam en Eva weggeneem het en in die plek daarvan aan hulle *rokke van vel* gegee het *wat die hele liggaam* van die nek tot by die knieë bedek het, leer ons dat dit die wil van God is dat die liggaam van die mens behoorlik bedek moet wees.
5. Op grond van die saak genoem in punt 4 en die verklaring van Paulus in 1 Tim. 2:9 kan gesê word: Die Here eis van die gelowige, en in besonder van die gelowige vrou, dat sy haar liggaam moet bedek met behoorlike kleding wat gekenmerk word deur beskeidenheid en paslike skugterheid en skaamte, en waardeur sy haar nie op die voorgrond dwing of adverteer nie.
6. Die modes wat nagevolg word en die daarmee gepaardgaande vorm van die kleredrag hoef nie noodwendig afgewys te word bloot omdat dit verskil van die uit vroeëre tye nie, solank dit net 'n behoorlike bedekking van die liggaam bied en nie sinneprikkelend van aard is nie.
7. Vir die gevoel van die Christen-Afrikaner is 'n ordentlike rok vir die vrou 'n besonder paslike, vroulike, fatsoenlike en verfynde vorm van kleredrag.
8. In die lig van veral Gen. 3 kan verklaar word dat die klere van die mens 'n teken van *sonde* én *genade* is en derhalwe op besondere wyse 'n heenwysing is na Christus en sy verlossingswerk, sodat die gelowige ook om dié rede die roeping het om te sorg dat hy of sy goed en welvoeglik gekleed is.
9. Ook skaamte is 'n teken van sonde en genade. Skaamteloosheid word volgens die Bybel gevind by die onbekeerde en goddelose, terwyl die lewe van die ware gelowige gekenmerk word deur 'n paslike skaamte. Hierdie paslike skaamte vereis 'n behoorlike bekleding. Die skaamtegevoel van die moderne mens is in so 'n mate afgestomp dat die gehele of gedeeltelike ontbloting van die liggaam voor ander, baie mense weinig hinder.
10. Kleredrag is ook 'n openbaring van 'n persoon se gesindheid en karakter. Die kleed tipeer die vrou sedelik en geestelik. Derhalwe klee die ongelowige vrou haar anders as die Christenvrou wat ook haar kleredrag onderwerp aan die toets van God se Woord en wil.
11. Aangesien die liggaam van die gelowige 'n tempel van God genoem word, moet die kleredrag van die gelowige sodanig wees dat dit daarby aanpas, dat dit hierdie besondere karakterisering selfs aksentueer, en in elk geval voorkom dat ander (sondige) aspekte beklemtoon word.
12. Indien daar met die vraag: Hoeveel van die liggaam moet bedek wees?, navraag gedoen word na die minimum kleredrag wat as Christelik en welvoeglik kan deurgaan, openbaar dit 'n gevaarlike en sondige gesindheid wat met die minimum geloofsgehoorsaamheid en die maksimum sondegenieting die nou poort probeer

binneglip.

13. Die verskyning in die publiek met gewaagde klere kan maklik aanleiding gee tot sonde — al is dit dan net sondige gedagtes. So word die draer daarvan dan die oorsaak dat ander sondig en staan daarom skuldig voor God. Bowendien kan dit ook lei tot onsedelike aanrandings op die vrouens wat dit dra.

14. As Mary Quant se uitsprake oor die minirok en die sinneprikkelende karakter van die minirok — veral in sy uiterste vorms — gestel word in die lig van die Skrif, lei dit tot die konklusie dat dit as kleed vir die Christenvrou afgewys moet word.

15. Tydens hoofmakery kan — sonder dat dit vooraf beplan is — 'n minirok makliker aanleiding gee tot ongeoorloofde dade as wanneer die liggaam met 'n langer rok bedek is.

16. Hoewel swemklere daar baie anders moet uitsien as gewone klere, behoort ook in hierdie opsig soveel as moontlik van die liggaam bedek te wees sonder dat die swem-aksie daardeur gestrem word. Buite die water behoort die liggaam met een of ander oorkleed bedek te word.

17. Ontkleedanse is vulgêr, pornografies en beoog die sensasie van die seksuele. Dit is 'n uitbuiting en kommersialisering van die drifmatige. Uit Christelike oogpunt is dit geheel en al verwerplik.

18. Die unisex-gedagtes en -praktyk adem 'n onbybelse gees.

19. Die innerlike versiering met 'n sagmoedige en stille gees wat baie kosbaar is voor God (1 Pet. 3:3, 4) het 'n baie hoër waarde as die mooiste uiterlike versiering.

# GERAADPLEEGDE WERKE


Aalders, G. Ch.: *Het boek Génesis,* K.V. der H.S., J. H. Kok, Kampen, 1960.

Borneman, Ernest: *Sesam encyclopedie van de sexualiteit,* in Nederlands verwerk deur dr. H. Musaph, Bosch en Keuning, Baarn, 1970.

Botha, Elaine: *Kleding en ontkleding: modesimptome van 'n revolusionêre kultuur,* in: Reformasie en revolusie, uitgawe van die I.B.C., PU vir CHO, Potchefstroom, 1974.

Bouma, C: *De brieven van den apostel Paulus aan Timothêüs en Titus,* K.V. der H.S., J. H. Kok, Kampen, 1953.

Buytendijk, F. J. J.: *De vrouw — haar natuur, verschijning en bestaan,* Uitgeverij Het Spectrum, Utreeht/Antwerpen, 1962.

Donner, J. H.: *De eerste algemeene zendbrief van den apostel Petrus,* D. Donner, Leiden, s.j.

Engelbrecht, J. J.: *Die jeug in die smeltkroes,* Sacum, Bloemfontein, s.j.

Esser, P. H.: *Exkibitionisme,* in: Christelijke Encyclopedie 2, J. H. Kok, Kampen, 1957.

Flemming, H. C. J.: *Ons en ons kleredrag,* Sacum, Bloemfontein, 1954.

Flugel, J. C: *The psychology of clothes,* The Hogarth Press Ltd., London, 1966.

Fourie, Maretha: *Jy en jou klere,* in: Die Vrou 1, Albertyn, Kaapstad/Bellville/Stellenbosch, s.j. (± 1970).

*Huisgenoot, Die,* 27 September 1974.

Kefgen, Mary en Touchie-Specht, Phyllis: *Individuality in clothing, selection and personal appearance,* The Macmillan Company, New York, 1971.

Kroeze, J. H:*Bybel en seks,* Boekhandel De Jong, Braamfontein (Johannesburg), 1970.

Lategan, Elsa: *Kies u klere reg, mevrou,* uitgegee deur die seksie Huishoudkunde, Departement Nasionale Opvoeding, Pretoria, 1972.

Latsky, Alpha en Hostetter, Helen, R: *The wide world of clothing,* The Ronald Press Company, New York, 1968.

Mace, David R.: *The christian response to the sexual revolution,* Abaingdon Press, Nashville, New York, 1970.

*Newsweek,* 13 November 1967.

Raath, J. M.: *Kleredrag, mode en modeverslawing,* in: Soeklig op ons sedes, referate gelewer by die kongres van die N.G. Kerk, 30 Jun.—2 Jul. 1970, uitgawe van die Kommissie vir Openbare Sedelikheid, Posbus 433, Pretoria.

Ridderbos, J.: *Het boek Deuteronomium?,* K.V. der H.S., J. H. Kok, Kampen, 1964.

Ridderbos, J.: *De Profeet Jesajai,* K.V. der H.S., J. H. Kok, Kampen, 1952.

Rinzema, J.: *De sexuele revolutie, uitdaging en antwoord,* J. H. Kok, Kampen, 1972.

*Scope,* 22 Maart 1974.

Sikkel, J. C: *Het boek der geboorten,* H. A. van Bottenburg, Amsterdam, 1923.

Snyman, J. J.: *Popmusiek en popkultuur,* Uitgawe van Korps Veritas Vincet, PU vir CHO, Potchefstroom, Julie 1974.

*Transvaler, Die:* 5 Mei 1973; 9 Mei 1973; 14 Mei 1973.

Treurnicht, A. P.: *Die sin van ons kleredrag,* in: Handhaaf, Junie 1969.

*Vaderland, Die,* 1 Mei 1974.

Vanderhof, Margil: *Clothes — part of your world,* Ginn and Company, Boston, Massachusets, 1968.

Wessels, Igna: *Aanranding — geen wreder lot vir die vrou,* in: Sarie Marais, 28 Maart 1973.

Wessels, Igna: Wot sfcort met *seksvoorligting?* in: Sarie Marais, 25 Oktober 1972.

*Zondagsheiliging en Zondagsarbeid,* uitgawe: Gereformeerd Sociaal en Economisch Verband, Rotterdam, 1967.